You are hereby commanded, in the name of the State to—

(a) serve in any of the following manners a true copy of this subpoena on the person whose particulars appear below—

(i) personally; or

(ii) at their residence, or place of business or employment by delivering it to a person who is apparently not less than 16 years of age and apparently residing or employed thereat; or

(iii) by affixing on the principal or outer door of such person's residence or place of business;

(b) to subpoena such person to appear before the above-mentioned court on the stated date, time and place to testify in this case and to declare all that such person knows concerning the charge(s) described below; and

(c) report to this court what you have done therewith.

Name of accused: ……..…….
Offence charged with: ..……
_____

Name of witness: ……..……....
Age of witness: ……..….
Name of guardian / appropriate adult (where witness is a child):……..
……..……..…
Witness' residential or work / business address: ……..…….....
……..……
……..……

Witness' cell-phone number: ……

Witness' e-mail address: ……..…

2. To the person who is hereby subpoenaed as witness:

*(a) You are hereby subpoenaed to appear in person before the above-mentioned court on the above-mentioned date, time and place, and to remain in attendance to testify in this case and declare all you know concerning the charge(s) described above.

*(b) The court has ordered that you may testify through audio-visual facility on the above-mentioned date and time. You must therefore—

(i) contact the Court Manager prior to the hearing date, to arrange to testify through audio-visual facility;

(ii) remain in attendance to testify in this case; and

(iii) declare all you know concerning the charge(s) described above.

*(c) In terms of section 158 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), you may apply to the court to testify through the use of close-circuit television or similar electronic media at court if available, including the use of an audio-visual facility, regardless of whether you are inside or outside of the country, if such mode of testimony will prevent delays, or be convenient, or save costs, or be in the interest of justice or prevent the likelihood of prejudice or harm to you. You can contact the prosecutor mentioned below to discuss your options.

***Delete which is not applicable.**

Name of the prosecutor: ……..

Telephone / cell-phone number of the prosecutor: ……..…….

E-mail address of the prosecutor: ……..……..

Name of the court manager: ……

Telephone / cell-phone number of the court manager: ……..…….

E-mail address of the court manager: ……..……..

3. *You are also required to produce the following books, papers, documents or objects, namely:

……
……
……

Delete if not applicable.

4. Kindly note:

(a) Any person who attends criminal proceedings as a witness is entitled to witness fees as prescribed. Further information can be obtained from the Court Manager.

(b) Should any change in your addresses or contact details take place before the proceedings are finally disposed of or before you are officially advised that you are no longer required as a witness, you must inform the investigation officer of the change in your address and/or contact details and provide updated address and/or contact details:

Investigating officer: ……
Telephone number of the investigating officer: ……
E-mail address of investigating officer: ……

(c) You are required, in terms of section 183 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), to inform the investigating officer of any changes to your address or contact details. Failure to do so is an offence that could render you liable to:

(i) a fine, or
(ii) term of imprisonment not exceeding three months.

(d) You are required to attend and remain in attendance as a witness at criminal proceedings until excused by the Court as required by sections 187 and 188, read with section 170(2), of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977). Failure to do so:

(i) could lead to a warrant for your arrest being issued; and

(ii) can render you liable to a fine or a term of imprisonment not exceeding three months.

5. The nature and exigency of this subpoena was explained to the recipient thereof.

Yes	No

Time ……... Day ……..…….. Month …… Year ……..…

Place……..……..

Signature of authorised officer …… Full Names ……..…… Capacity ……...

Contact information: cell-phone number: ……..…. e-mail address: ……..…..…

Signature of recipient …… Full Names……. Capacity ……...

Contact information: cell-phone number: …… e-mail address: ……..……..….

(See back.)

[Print on back, provisions of section 158 of the Act]

FOR OFFICIAL PURPOSES ONLY

(1)	I, the undersigned, certify that I have served this subpoena upon the within-named person by—
*(a)	Delivering a true copy PERSONALLY on …….. (date & time) at ……..…… ……..…… (place)
*(b)	As the witness could not be found, by: (i) Delivering a true copy to ……..……..……(name) at ……..……... (address) on ……..……... (date & time) being a person apparently over the age of 16 years and apparently residing or employed at the witness' place of *RESIDENCE / *EMPLOYMENT / *BUSINESS as…… ……..…. (relationship / position / post)
	(ii) Affixing on the principal or outer door of the place of *RESIDENCE / *BUSINESS at…… .....…… (address) on ……..……... (date & time) because ……..…… ……..…… ……..…… (provide reason/s) I had previously attempted to deliver this subpoena to the witness on ……..…….. (date/s) at……..……..…….. (address/es) and was not successful because ……..……..……..…. (reason)
*(c)	As agreed to by the witness, by transmitting a scanned true copy by e-mail to .....…… (e-mail address) on ……..……..……..…… (date & time) *See attached e-mail delivery notice receipt.*
*(d)	As agreed to by the witness, by transmitting a scanned true copy through cell-phone to…… ……..…….. (cell-phone number) on ……..……..……..... (date & time) *See screenshot of such communication attached hereto.*
(2)	I, the undersigned, certify that the link for the audio-visual testimony was sent in the following manner: …….. ……..…….....…… ……..…….. *See attached proof that the link was sent as well as any response received.*

Delete which is not applicable.".

Commencement

21. These Rules come into operation on **28 November 2025**.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

NO. R. 6752 **24 Oktober 2025**

WET OP DIE REËLSRAAD VIR GEREGSHOWE, 1985 (WET NO. 107 VAN 1985)

WYSIGING VAN REËLS WAARBY DIE VOER VAN VERRIGTINGE VAN DIE LANDDROSHOWE VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD

Die Reëlsraad vir Gesregshowe het kragtens artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), en met die goedkeuring van die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, die reëls in die bylae gemaak.

BYLAE

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde of uitdrukkings in vetdruk in vierkantige hakies dui op weglatings uit die bestaande reëls.

_____ Woorde of uitdrukkings met ’n volstreep daaronder dui op invoegings in die bestaande reëls.

Woordomskrywings

1. In hierdie Bylae beteken “Reëls”, die Reëls waarby die verrigtinge van die Landdroshowe van Suid-Afrika gereël word soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. R. 740 van 23 Augustus 2010, en soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No's. R. 1222 van 24 Desember 2010, R. 611 van 29 Julie 2011, R. 1085 van 30 Desember 2011, R. 685 van 31 Augustus 2012, R. 115 van 15 Februarie 2013, R. 263 van 12 April 2013, R. 760 van 11 Oktober 2013, R. 183 van 18 Maart 2014, R. 215 van 28 Maart 2014, R. 507 van 27 Junie 2014, R. 571 van 18 Julie 2014, R. 5 van 9 Januarie 2015, R. 32 van 23 Januarie 2015, R. 33 van 23 Januarie 2015, R. 318 van 17 April 2015, R. 545 van 30 Junie 2015, R. 2 van 19 Februarie 2016, R. 1055 van 29 September 2017, R. 1272 van 17 November 2017, R. 632 van 22 Junie 2018, R. 1318 van 30 November 2018, R. 842 van 31 Mei 2019, R. 1343 van 18 Oktober 2019, R. 107 van 7 Februarie 2020, R. 858 van 7 Augustus 2020, R. 1156 van 30 Oktober 2020, R. 1602 van 17 Desember 2021, R. 2134 van 3 Junie 2022,

R. 2298 van 22 Julie 2022, R. 2414 van 26 Augustus 2022, R. 2434 van 2 September 2022, R. 3371 van 5 Mei 2023, R. 3399 van 12 Mei 2023, R. 4476 van 8 Maart 2024, R. 5127 van 16 Augustus 2024, R. 5559 van 22 November 2024, R. 6231 van 30 Mei 2025, R. 6232 van 30 Mei 2025 en R. 6505 van 15 Augustus 2025.

Vervanging van reël 2 van die Reëls

2. Reël 2 van die Reëls word hierby gewysig deur volgende woorde in subreël (1) te vervang:

"Woordomskrywings

(1) In hierdie reëls en in die vorms vervat in die aanhangsels hieraan sal enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet toegewys is, daardie betekenis en, tensy die samehang andersins aandui, beteken—

'aansoek doen' om by wyse van mosie aansoek te doen en 'aansoek' het 'n ooreenstemmende betekenis;

"klerk van die hof' 'n klerk van die hof wat kragtens artikel 13 van die Wet aangestel is en 'n assistent-klerk van die hof aldus aangestel, insuit;

'Consumer Protection Act, 2008' die *'Consumer Protection Act'*, 2008 (Wet No. 68 van 2008);

'konvensionele metode' die metode van liassering, betekening en indiening van harde kopie hofprosesse, pleitstukke, kennisgewings of ander dokumente, die administrasie van hofsaaklêers en die verhoor van sake, voor die inwerkingtreding van die 'e-justice' stelsel;

'Strafproseswet' die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977);

'verstekvonnis' 'n vonnis wat afgelê of toegedien word sonder die teenwoordigheid van die party waarteen dit gemaak word;

['lewer' (behalwe waar 'n dagvaarding slegs op die teenparty gelewer word, en in reël 9) om by die griffier of klerk van die hof 'n eksemplaar in te dien en om aan die teenparty te beteken, hetsy per hand, geregistreerde pos, of waar tussen twee partye ooreengestem is of deur die hof gelas, deur faksimilee of elektroniese pos (in welke geval

Hoofstuk III, Deel 2 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 van toepassing sal wees), en 'lewering', 'gelewer' en 'lewer' het ooreenstemmende betekenisse;]

'lewer' om eksemplare op alle partye te beteken en die oorspronklike by die griffier of klerk van die hof te liasseer, hetsy deur die 'e-justice' stelsel of die konvensionele metode en 'lewering', 'gelewer' en 'lewer' het ooreenstemmende betekenisse;

'Wet op Egskeiding, 1979' die Wet op Egskeiding, 1979 (Wet No. 70 van 1979);

'stuk' enige geskrewe, gedrukte of elektroniese materiaal wat pleitstukke, kennisgewings en data en data boodskappe, soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002, insluit;

''e-justice' stelsel' die elektroniese stelsel vir liassering, betekening, of indiening van stukke, die administrasie van hofsaaklêers en die beslissing van sake soos in hierdie reëls voorsien;

'elektronies' die tegnologie wat elektriese, digitale, magnetiese, koordlose, optiese, elektromagneties of ander ontasbare vorm of soortgelyke eienskappe het;

'elektroniese kommunikasie' kommunikasie deur middel van data of data boodskappe soos voorsiening gemaak in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002;

'Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002' die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002);

'elektroniese posadres' 'n elektroniese adres waarna of waarvanaf 'n e-pos, soos in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002, omskryf, gestuur of ontvang word;

'sekerheidstelling' sluit in om 'n borgakte aan óf die party met iemand wat vir hul borgstaan óf deur twee of meer persone toe te staan;

'harde kopie' inligting wat in papier formaat uiteengesit is en 'harde kopieë' het 'n ooreenstemmende betekenis;

'hiperskakel' het 'n soortgelyke betekenis soos in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 en sluit 'n sleutelwoord of verwysing wat 'n skakel wat na 'n ander teks voorsien, in

'National Credit Act, 2005' die 'National Credit Act', 2005 (Wet No. 34 van 2005);

'kennisgewing' skriftelike kennisgewing;

'PDF' 'n draagbare dokument-formaat, naamlik 'n lêerformaat wat die presiese formaat, insluitend die font of kleur, van enige brondokument preserveer, ongeag die platform wat gebruik is;

'hangende saak' 'n saak waar 'n dagvaarding of kennisgewing van mosie uitgereik is en wat nog nie teruggetrek, beëindig of afgewys is nie en waar 'n uitspraak nog nie gemaak of gegee is nie;

'eiser', 'verweerder', 'aansoeker' , 'respondent' en **'party'** sluit die prokureur of advokaat wat vir sodanige party verskyn en die beampte van enige plaaslike gesag wat vir die doeleindes genomineer is, in;

'geregistreerde gebruiker' 'n persoon of entiteit wie geregistreer het om die 'e-justice' stelsel te gebruik;

'griffier van die hof' 'n griffier van die hof wat kragtens artikel 13A van die Wet aangestel is met inbegrip van 'n assistent griffier van die hof soos aangestel;

'diensafdeling' 'n dienspunt onder die beheer van die klerk of griffier, om gedingvoerende partye en ook lede van die publiek by te staan om dokumente op die 'e-justice' stelsel te liasseer, beteken, indien of om toegang daartoe te verkry;

'balju'[,] 'n persoon wat kragtens artikel 2 van die Wet op Balju's, 1986 (Wet No. 90 van 1986) aangestel is, en ook 'n persoon wat kragtens artikel 5 en artikel 6 van daardie Wet as 'n waarnemende balju en 'n adjunk-balju, onderskeidelik, aangestel is;

'teken' die aanbring van 'n handtekening, met inbegrip van 'n elektroniese handtekening wat uit die voorletters of naam van die persoon wat dit teken bestaan, in enige font, styl of grootte wat bedoel is deur die persoon om as

handtekening te dien en 'n gevorderde elektroniese handtekening insluit soos voorsien in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 en 'geteken' het 'n ooreenstemmende betekenis;

['handtekening', met inbegrip van gevorderde elektroniese handetekeninge soos omskryf en beskryf in Hoofstukke I, II en III van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 en is ook van toepassing op 'teken', 'onderteken' en 'geteken' in;]

'die Wet' die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944).

(2) 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag sal nie, tensy die teendeel blyk, as deel van enige tydperk ingevolge hierdie **[Reëls]** reëls gereken word nie.

(3) Alle afstande sal bereken word oor die kortste redelike roete in die omstandighede beskikbaar.".

Invoeging van reël 2A en 2B in die Reëls

3. Die volgende reël word hierby na reël 2 van die Reëls ingevoeg:

"Toepassing van die 'e-Justice' stelsel

2A Die 'e-Justice' stelsel sal van toepassing wees in die howe waar dit van krag is.".

"E-justice' stelsel

2B. (1) Die 'e-justice' stelsel sal van toepassing wees op—

(a) die uitreik van dagvaardings en aansoeke;

(b) die betekening van dokumente onderhewig aan die bepalings van reël (9)(*a*);

(c) die liassering van dokumente en die indiening van stukke;

(d) die verhoor van sake soos voor voorsiening gemaak in hierdie reëls; en

(e) toegang tot elektroniese hofsaaklêers; en

(f) appèlle en hersienings.

(2) elke geregistreerde gebruiker moet—

(a) 'n elektroniese posadres onderhou vir die tydsduur vir die registrasie op die 'e-Justice' stelsel;

(b) akkurate kontakbesonderhede onderhou soos benodig word deur die 'e-Justice' stelsel vir die tydsduur van die registrasie;

(c) die 'e-Justice' stelsel binne 24-uur na enige verandering aan die inligting wat by registrasie verskaf is, opdateer; en

(d) elke stuk se leesbaarheid en oriëntasie nagaan voordat die dokument op die 'e-justice' stelsel ingedien word.

(3) (*a*) Elke geregistreerde gebruiker stem in om dokumente van ander geregistreerde gebruikers te onvang, sowel as die griffier of klerk van die hof slegs te aansien van die sake waaraan die geregistreerde gebruiker 'n party is of waar aangeteken.

(b) Behoudens die bepalings van reël 9(9)(*a*) wanneer dit benodig word om 'n dokument op 'n geregistreerde gebruiker te beteken deur die elektroniese posadres van sodanige gebruiker, word dit geag dat die dokument by sodanige gebruiker se elektroniese posadres beteken is.

(c) Die griffier, klerk van die hof, of die hof mag dokumente aan 'n geregtistreerde gebruiker stuur deur middel van die 'e-justice' stelsel.

(4) *(a)* Slegs dokumente in 'PDF' formaat mag op die 'e-justice' stelsel gelaai word.

(b) Dokumente wat op die 'e-justice' stelsel gelaai word moet—

(i) in ooreenkoms met die reëls wat die formatering van harde kopieë van dokumente, met inbegrip van bladsy beperkinge, font styl en grootte geformateer word.

(ii) nie gesluit of met 'n wagwoord beskerm word nie;

(iii) voldoen aan die maksimum lêergrootte wat deur die 'e-justice' stelsel toegelaat word; en

(iv) van voldoende gehalte wees om leesbaarheid te verseker:

Met dien verstande dat enige elektroniese dokument wat na 'PDF' omgesit is in die oorspronklike formaat behou moet word todat die saak gefinaliseer is,

(c) Aanhangsels en bewysstukke soos fisiese bewysstukke en saaklike getuienis wat nie in PDF-formaat geliasseer kan word nie

moet deur die konvensionele metode geliasseer word of in 'n formaat soos deur die hof aangedui.

(d) Waar 'n aanhangsel of uitstalling kragtens paragraaf (*c*) geliasseer is, moet 'n dokument wat die aanhangsels of uitstallings lys op die 'e-justice' stelsel geliasseer word.

(5) Hiperskakels en ander elektroniese navigasie hulpmiddels mag in 'n dokument ingesluit word om bystand aan die hof te bied: Met dien verstande dat—

(a) elke hiperskakel 'n teksverwysing na die bron van die skakel toe bevat;

(b) hiperskakels gebruik word om 'n elektroniese skakel na ander dele van dieselfde dokument of ander dele van die hofsaaklêer te verskaf;

(c) hiperskakels na gesiteerde gesagte moet nie die standaard formaat vir verwysing na wette, uitsprake, reëls of ander materiaal wat aangehaal is, waar standaarde verwysing benodig word, vervang nie; en

(d) hiperskakels in pleitstukke word beperk tot dokumente wat reeds op die oorkonde geliasseer is.

(6) *(a)* Wanneer daar van 'n party benodig word om 'n harde kopie te liasseer, moet die harde kopie geskandeer, na 'PDF' toe omgesit word en op die 'e-justice' stelsel gelaai word.

(b) 'n Party wie 'n harde kopie deur die 'e-justice' stelsel liasseer moet sodanige harde kopie in sy of haar bewaring of besit hou en moet daardie harde kopie aan die hof lewer soos die hof gelas.

(c) Die harde kopie wat geliasseer is moet aan die hof beskikbaar wees vir die duur van die geding waarvoor dit geliasseer is en gehou word tot die saak gefinaliseer is.

(d) Die hofsaaklêer moet enige harde kopie wat vir liassering ingedien is, insluit en op die 'e-justice' stelsel gelaai word: Met dien verstande dat dit nie vir die hof nodig sal wees om sodanige harde kopie te behou nie.

(7) Dokumente wat groter as die maksimum toegelate grootte wat deur die 'e-justice' stelsel aangedui, is, mag vir liassering ingedien word as dit in aparte dele ingedeel is, wat elk aan die 'e-justice' stelsel se beperking op groottes voldoen.

(8) Dokumente wat uit beelde anders as teks bestaan moet teen 'n voldoende resolusie geskandeer word om ’n leesbare en akkurate voorstelling te verseker.

(9) *(a)* Waar partye instem om bewysstukke by die verhoor as getuienis aan te bied, moet sodanige bewysstukke gemerk en geliasseer word op die 'e-justice' stelsel behalwe waar dit benodig word om die konvensionele metode te gebruik.

(b) Bewysstukke wat by 'n verhoor aangebied is en wat in 'n elektroniese formaat onderhou kan word, moet in sodanige formaat onderhou word vir die doeleides vir die strafregister.

(10) *(a)* Sake wat voor die inwerkingtreding van die 'e-justice' stelsel begin het, moet in die konvensionele metode voortgesit word tot dit voltooi is tensy—

(i) die partye ingestem het om die 'e-justice' stelsel te gebruik; of

(ii) die hof aandui dat die 'e-justice' stelsel gebruik moet word.

(b) Indien so ooreengekom of voorgeskryf, is elke party verantwoordelik om die harde kopie wat deur sodanige party gelewer is te skandeer en in 'PDF'-formaat op die 'e-justice' stelsel te laai.

(11) *(a)* Die voorgeskrewe tydperk in die reëls vir die lewering en indiening van dokumente is ook van toepassing op die 'e-justice' stelsel.

(b) Dokumente wat op die 'e-justice' stelsel geliasseer is, na die afsluitingstyd, deur reël 3 voorgeskryf, sal geag word dat dit op die volgende hofdag geliasseer is.

(12) Indien 'n tegniese probleem verhinder dat 'n dokument op 'n sekere dag opgelaai kan word, geld die volgende reëls:

(a) Die geregistreerde gebruiker moet die dokument volgens die konvensionele metode lewer;

(b) na die dokument geliasseer is, moet die klerk of die griffier van die hof die dokument op die 'e-justice' stelsel laai; en

(c) indien 'n dokument nie binne die voorgeskrewe tydsduur gelewer word nie, geld die bepalings van reël 60(5).

(13) Behoudens die bepalings van subreël (12), sal dit geag word dat liassering of lewering plaas gevind het wanneer die 'e-justice' stelsel 'n kennisgewing oplewer.

(14) *(a)* Die griffier of die klerk van die hof moet enige dokument wat geliasseer is weier wat nie aan reël 2B(4) voldoen nie.

(b) Waar 'n dokument geweier is—

(i) moet die griffier of die klerk van die hof binne 48 uur, die party wat die dokument geliasseer het, daarvan in kennis stel deur 'n kennisgewing, wat die weiering en die redes daarvoor opneem, aan die party te stuur; en

(ii) sodanige party moet binne een dag, die korrek geformateerde dokument herindien, met dien verstande dat die reël nie die tydperk wat in die reëls voorgeskryf is verander nie.

(15) Alle stukke wat deur die 'e-justice' stelsel uitgereik is moet deur die 'e-justice' stelsel beslis word tensy anders deur 'n hof gelas.

(16) Die diensafdeling sal bystand bied—

(a) deur te verduidelik hoe die 'e-justice' stelsel werk;

(b) met die skandering en omskakeling van 'n harde kopie na 'PDF' vir die uitreiking deur die griffier of die klerk van die hof;

(c) met die liassering of indiening van 'n harde kopie deur die skandering en omskakeling van die dokument na 'PDF' en die oplaai van die dokument onder die onderskeie saaknommer;

(d) met die betekening van 'n harde kopie deur die 'e-justice' stelsel, met die uitsondering van dokumente wat die proses begin, op 'n geregistreerde gebruiker deur die skandering en omskakeling van die dokument na 'PDF' en die liassering van die dokument onder die onderskeie saaknommer;

(e) met die registrasie van 'n litigant wie aansoek doen vir registrasie op die 'e-justice' stelsel;

(f) met die versoeke tot toegang tot hofsaaklêer, met inbegrip van waar die versoek, eksemplare van dokumente, of oordrag van dokumente na 'n elektroniese posadres of eksterne toestel; en

(g) met enige ander dienste of bystand rakende die 'e-justice' stelsel benodig word.".

Wysiging van reël 3 van die Reëls

4. Reël 3 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreëls (1) tot (5) met die volgende subreëls te vervang:

"(1) Die griffier of klerk van die hof moet die prosesstuk **[(met die hand of deur 'n faksimilee van sy of haar handtekening verwerk)]** teken en sodanige geregtelike prosesstuk uitreik soos deur enige persoon wat daartoe geregtig, aangevra is, óf om sodanige prosesstuk nadat dit deur die balju terugbesorg is her uit te reik op die versoek van enige party aan wie die prosesstuk beteken is.

(2) Die eerste dokument wat in enige aksie of aansoek wat ingedien en nie verwant is aan 'n **[toe]** hangende saak nie, moet deur die griffier of klerk van die hof genommer word met 'n unieke verwysingsnommer en 'n opeenvolgende saaknommer vir die jaar waarin dit ingedien is.

(3) Elke dokument wat in 'n aksie of aansoek beteken of afgelewer is, soos in subreël (2) bedoel, of in enige daaropvolgende aangeleenthede in die voortsetting van sodanige aksie of aansoek moet met die toepaslike unieke verwysingsnommer en daaropvolgende saaknommer gemerk word deur die party wat dit aflewer en dit moet nie deur die griffier of klerk van die hof ontvang word todat dit so gemerk is nie.

(4) *(a)* Alle dokumente **[afgelewer om]** ingedien by die griffier of klerk van die hof **[wat geliasseer moet word]** en enige notules wat deur die hof op papier geneem is moet onder die unieke verwysingsnommer van die onderskeie aksie of aansoek geliasseer word.

(b) In howe waar die 'e-justice' stelsel van krag is moet die griffier of klerk die geliasseerde lêer of notule skandeer en na 'PDF'-formaat omskakel en die 'PDF' onder die onderskeie unieke verwysingsnommer op die 'e-justice' stelsel laai.

(5) Kopieë van die dokumente bedoel in subreël (4) mag deur enige persoon in die teenwoordigheid van die griffier of klerk van die hof gemaak word.";

(b) deur in subreël (6) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(6) Die griffier of klerk van die hof moet die eiser onverwyld skriftelik of deur die 'e-justice' stelsel in die howe, waar dit van krag is, in kennis stel van—"; en

(c) deur subreël (8) deur die volgende subreël te vervang:

"(8) Die griffier of klerk van die hof moet bystand aan gedingvoerende partye verskaf deur hierdie prosedurereëls te verduidelik, met inbegrip van aspekte rakende die 'e-justice' stelsel sowel as die registrasie op sodanige stelsel in howe waar dit van krag is, en deur verdere bystand, waar redelik moontlik, kragtens artikel 9(6)(*b*)(ii) van die Wysigingswet op Regsbevoegdheid van Streekhowe, 2008 (Wet No. 31 van 2008).".

Wysiging van reël 5 van die Reëls

5. Reël 5 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (3) paragraaf (*a*) met die volgende paragraaf te vervang:

"(3) *(a)* (i) Elke dagvaarding moet deur 'n prokureur namens die eiser onderteken word en moet die prokureur se fisiese adres, geleë in 'n area óf binne die hof se regsgebied óf binne 25 kilometer van die hofgebou en die prokureur se elektroniese posadres waar die eiser betekening van alle daaropvolgende dokumente en kennisgewings in die saak sal ontvang. **[In die plek waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas onafhanklik van mekaar praktiseer, moet die fisiese adres binne 15 kilometer van die hofgebou wees.]** Die dagvaarding moet ook die prokureur se posadres, en waar beskikbaar, faksimilee adres **[,en, waar beskikbaar, die prokureur se faksimilee en elektroniese posadres]**. Die Staatsprokureur mag die kantoor van die griffier of klerk van die siviele hof aanwys as sy adres vir betekening.

(ii) Indien geen prokureur namens die eiser optree nie, moet die dagvaarding deur die eiser onderteken word. Die dagvaarding moet die eiser se fisiese adres, geleë in 'n area binne die hof se regsgebied of binne 25 kilometer van die hofgebou en waar beskikbaar die eiser se elektroniese posadres, waar die eiser betekening van alle daaropvolgende dokumente en kennisgewings sal ontvang. **[In die plek waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas onafhanklik van mekaar praktiseer, moet die fisiese adres binne 15**

kilometer van die hofgebou wees.] Die dagvaarding moet ook die eiser se posadres **[,en, waar beskikbaar, die eiser se faksimilee en elektroniese posadres]** en faksimilee adres, waar beskikbaar bevat.

(iii) Nadat daar aan subparagraaf (i) of (ii) voldoen is, moet die dagvaarding deur die griffier of klerk van die hof beteken en uitgevaardig word en moet dit die uitvaardigingsdatum asook die saaknommer en unieke verwysingsnommer wat daaraan toegestaan is bevat."; en

(b) deur subreël (3) paragraaf (*b*) met die volgende paragraaf te vervang:

"(3) *(b)* Die eiser mag in die dagvaarding aandui of die eiser voorbereid is om die betekening van alle daaropvolgende dokumente en kennisgewings te ontvang deur middel van enige ander wyse as die fisiese adres of **[posadres]** elektronies adres en, indien so, die wyse van betekening wat verkies word aandui: Met dien verstande dat waar die eiser deur 'n prokureur verteenwoordig word, betekening deur elektroniese pos verpligtend sal wees bykomend tot enige ander wyse van betekening wat verkies word.".

Wysiging van reël 6 van die Reëls

6. Reël 6 van die Reëls word hierby gewysig deur subreël (1) met die volgende te vervang:

"(1) Elke pleitstuk sal deur 'n prokureur of 'n advokaat onderteken word soos in artikel 34(2)(a)(ii) van die Wet op Regspraktyk, 2014 (Wet Nr. 28 van 2014) bedoel of, indien 'n party onverteenwoordig is, deur die party.".

Wysiging van reël 9 van die Reëls

7. Reël 9 word hierby gewysig–

(a) deur subreël (1) deur die volgende subreël te vervang:

"(1) *(a)* **[A]** Onderhewig aan die bepalings van paragrawe (*b*) en (*c*), moet 'n party wat betekening van enige prosesstuk, kennisgewing of ander dokument deur die balju benodig, die oorspronklike of 'n gesertifiseerde

eksemplaar van sodanige prosesstuk, kennisgewings of ander dokument aan die balju verskaf met soveel eksemplare daarvan soos wat daar persone is wat beteken moet word: Met dien verstande dat die griffier of klerk van die hof op skriftelike versoek van die party wat die betekening benodig, **[met die hand]** sodanige prosesstuk, kennisgewing of dokument en eksemplare daarvan aan die balju moet verskaf.

(b) In enige siviele verrigtinge voor 'n Landdroshof, waar enige dagvaarding, lasbrief, reël, bevel, kennisgewing, dokument of ander prosesstuk van 'n Landdroshof, of enige ander kommunikasie wat deur enige wet, reël of ooreenkoms van partye benodig word om op 'n persoon beteken of uitgewin moet word, of by die huis of woonplek of besigheidsplek van enige persoon, sodat dit sodanige persoon raak, moet deur faksimilee of by wyse van enige ander elektroniese medium aan die balju gestuur word, met inbegrip van die 'e-justice' stelsel in howe waar dit van krag is.

(c) Die dokument wat ontvang of gedruk is as gevolg van die oordrag wat in paragraaf (*b*) beoog word, het dieselfde regskrag en uitwerking as die oorspronklike daarvan.";

(b) deur subreël (4) paragraaf (*a*) met die volgende paragraaf te vervang:

"(4) *(a)* **[Die]** Onderhewig aan die bepalings van subreël 1(*b*) en (*c*) moet die balju, op aanvraag, die oorspronklike of 'n gesertifiseerde eksemplaar van die prosesstuk aan die persoon waarop of waarteen die prosesstuk beteken word toon."; en

(c) deur subreël (9) paragraaf (*a*) met die volgende paragraaf te vervang:

"[(9) (a) Betekening van enige kennisgewing, versoek, verklaring of ander dokument wat nie 'n prosesstuk van die hof is nie mag bewerkstellig word deur dit met die hand by die adres vir betekening wat in die dagvaarding of voorneme om te verdedig, na gelang van die geval, gegee is, af te lewer, of deur dit deur geregistreerde pos na die posadres wat gegee is te stuur: Met dien verstande dat, onderhewig aan reëls 5 en 13, die betekening van sodanige kennisgewing, versoek, verklaring of ander dokument bewerkstellig kan word deur dit deur faksimilee of elektroniese pos na die faksimilee adres of elektroniese posadres wat in die dagvaarding of voorneme om te verdedig verskaf is, na gelang van die geval.]

(9) *(a)* Betekening van enige kennisgewing, versoek, verklaring of ander dokument wat nie 'n prosesstuk van die hof is nie mag, onderhewig aan reëls 5(3)(*b*) en 13(*a*)(ii) by die adres wat in die dagvaarding of voorneme of te verdedig verskaf is, bewerkstellig word deur dit af te lewer of te stuur, na gelang van die geval:

(i) per hand;

(ii) per geregistreerde pos;

(iii) per faksimilee; of

(iv) per elektroniese pos:

Met dien verstande dat onderhewig aan Reël 2A–

(aa) waar die party wat die betekening bewerkstellig en die party wat beteken word, geregistreerde gebruikers is, sal betekening van 'n stuk, anders as betekening deur 'n balju, of soos deur die hof gelas, deur die 'e-justice' stelsel plaasvind; en

(bb) betekening van 'n dokument, wat nie 'n prosesstuk van die hof is nie wat deur 'n party bewerkstellig word wat nie 'n geregistreerde gebruiker is nie moet deur die konvensionele metode plaasvind: Met dien verstande dat bewys van betekening by die griffier, klerk van die hof of diensafdeling, gelyktydig met die oorspronklike prosesstuk soos beteken, geliasseer moet word.".

Invoeging van reël 9A in die Reëls

8. Reël 9A word hierby na Reël 9 van die Reëls ingevoeg:

"Bewys van betekening

9A. Bewys van betekening moet by die hof geliasseer word, met inbegrip van:

(a) bevestiging dat die betekening elektronies bewerkstellig is;

(b) die elektroniese posadres waarna die betekening bewerkstellig is; en

(c) die elektroniese afleweringskennisgewing,

Met dien verstande dat bewys van betekening elektronies deur die 'e-justice' stelsel geliasseer moet word in die howe waar dit van krag is.".

Wysiging van reël 13 van die Reëls

9. Reël 13 van die Reëls word hierby gewysig deur paragrawe (*a*) en (*b*) van subreël (3) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(a) Wanneer 'n verweerder 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig lewer—

(ii) moet die verweerder sy of haar volle fisiese-, woon- of besigheidsadres in 'n area óf binne die hof se regsgebied óf binne 25 kilometer van die hofgebou, elektroniese posadres, posadres, en waar beskikbaar, faksimilee adres: **[en elektroniese posadres;]** daarin verskaf. Met dien verstande dat in die geval waar 'n verweerder nie deur 'n prokureur verteenwoordig word nie moet die elektroniese posadres en faksimilee adres slegs waar beskikbaar voorsien word; en

(ii) moet die verweerder ook die adres van betekening van alle dokumente in die aksie, op die verweerder, wat verkies word aandui en die adres wat aangedui is sal geldig wees behalwe waar 'n bevel of praktyk van die hof se persoonlike dienste benodig word **[;en]**: Met dien verstande dat waar die verweerder deur 'n prokureur verteenwoordig word, sal elektroniese pos verpligtend wees bykomend tot enige ander wyse van beteking wat verkies word.

[(iii) indien 'n fisiese adres deur die verweerder in die kennisgewing van voorneme om te verdedig gegee word as die verkieste adres vir die doel van sodanige betekening, waar daar drie of meer prokureur of prokureursfirmas onafhanklik van mekaar praktiseer, moet die adres binne 15 kilometer van die hofgebou af wees.]

(b) Die verweerder moet in die kennisgewing van voorneme om te verdedig aandui of die verweerder gereed is om die betekening van alle daaropvolgende dokumente en kennisgewings in die saak te ontvang deur enige ander wyse anders as die fisiese adres of posadres en indien wel, die wyse van betekening wat verkies word aandui: Met dien verstande dat waar die verweerder deur 'n prokureur verteenwoordig word elektroniese pos vepligtend is bykomend tot enige ander wyse van betekening wat verkies word.".

Wysiging van reël 22A van die Reëls

10. Reël 22A van die Reëls word hierby gewysig deur paragraaf (*j*) van subreël (5) met die volgende paragraaf te vervang:

"(j) watter party verantwoordelik sal wees vir—

(i) die maak van eksemplare en ander voorbereiding van dokumente met inbegirp van 'n bundel vir verhoor, waar die konvensionele metode gebruik word; en

(ii) die voorbereiding van dokumente insluitend 'n elektroniese bundel vir verhoor waar die 'e-justice' stelsel van kragis;"

Wysiging van reël 25 van die Reëls

11. Reël 25 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (7) paragraaf (*a*) met die volgende paragraaf te vervang:

“(7)(*a*) (i) van die datum, tyd en plek van 'n voor-verhooronderhoud ingevolge subreël (6)(*a*) saamgegroep; en

(ii) of die voor-verhooronderhoud volgens die konvensionele metode of die 'e-justice' stelsel in die hof gehou moet word, waar dit van krag is;".

(b) deur subreël (9) paragraaf (*b*) met die volgende paragraaf te vervang:

"[(b) 'n Regterlike beampte wat saak bestuur doen, kan, by die oorweging van die verklaring deur die partye in paragraaf (*a*) bedoel, gelas dat een of al die partye nie by 'n voor-verhooronderhoud hoef te verskyn nie.]

(b) 'n Regterlike beampte wat saak bestuur doen, kan, by die oorweging van die verklaring deur die partye in paragraaf (*a*) bedoel, gelas:

(i) dat een of al die partye nie by 'n voor-verhooronderhoud hoef te verskyn nie; en

(ii) of die voor-verhooronderhoud volgens die konvensionele metode of die 'e-justice' stelsel in die hof gehou moet word, waar dit van krag is;".

Invoeging van reël 30A in die Reëls

12. Die volgende reël word hierby na reël 30 van die Reëls ingevoeg:

"Siviele 'e-justice' stelsel

30A. (1) Onderhewig aan reël 2A, bestaan siviele oorkondes uit alle elektroniese en digitale inskrywings wat op die 'e-justice' stelsel ingevoer is, prosesstukke, pleitstukke en kennisgewings wat as harde kopieë of elektronies ingedien is, en alle elektroniese, digitale, oudio en visuele opnames.

(2) Die besonderhede wat in die 'e-justice' stelsel opgeneem is vir alle siviele sake sal insluit, maar nie beperk wees tot die volgende nie—

(a) uitreikingsdatum van prosesstuk;

(b) unieke verwysingsnommer en saaknommer;

(c) die partye;

(d) die regsverteenwoordigers;

(e) selfoon nommers en elektroniese posadresse van die partye en die regsverteenwoordigers;

(f) alle prosesstukke, relaas van betekening, kennisgewings, versoeke, aansoeke en dokumente geliasseer;

(g) kennisgewing aan die partye en regsverteenwoordigers;

(h) datums van opwagting en wyse van opwagting;

(i) datums van toekomstige opwagtings;

(j) aansoeke;

(k) oudio opnames van alle verhore;

(l) notules, verslae, bewysstukke;

(m) besonderhede van getuies en die wyse van opwagting;

(n) hofuitsprake met inbegrip van verstekvonnisse;

(o) bevele, hoforders en lasgewings;

(p) appèlle en uitslae;

(q) die datum en bewerkstelliging van enige bevel van die Hoërhof

wat enige uitspraak en bevel op appèl verander;

(r) aanduiding van besonderhede wat nie gepubliseer mag word nie;

(s) taksasie en hersiening van sodanige taksasie; en

(t) lasbrief van uitwinning.".

Wysiging van reël 51 van die Reëls

13. Reël 51 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (1) deur die volgende subreël te vervang:

"(1) Op skriftelike versoek deur middel van die konvensionele metode of die 'e-justice' stelsel in howe, waar dit van krag is, deur enige party binne 10 dae na 'n uitspraak en voor 'n appèl genoteer word moet 'n regterlike beampte binne 15 dae 'n skriftelik uitspraak aan die griffier of klerk van die hof oorhandig wat deel van die oorkondes word wat wys—

(c) die feite wat hy of sy as bewys bevind het; en

(d) sy of haar redes vir die uitspraak."; en

(b) deur subreël (11) deur die volgende subreël te vervang:

"(11) *(a)* 'n Respondent wat van die hele, of deel van 'n uitspraak se appèl wil laat vaar mag dit deur 'n skriftelike kennisgewing wat stel of hy of sy van die hele of slegs 'n deel van die sodanige uitspraak wil laat vaar deur middel van die konvensionele metode of die 'e-justice' stelsel in die howe, waar van krag is, lewer.

(b) Elke kennisgewing van afstanddoening ingevolge paragraaf (*a*) moet deel van die oorkonde vorm.".

Wysiging van reël 55 van die Reëls

14. Reël 55 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subparagraaf (i) in subreël (1)(*e*) met die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) Aanstelling van 'n fisiese adres wat binne 'n area binne die hof se regsgebied val of binne 25 kilometer van die hofgebou is, en waar beskikbaar, 'n elektroniese posadres **[in die geval waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas onafhanklik van mekaar praktiseer, moet die adres binne 15 kilometer van die kantoor van die griffier of klerk van die hof wees,]** waar kennisgewing en betekening van alle

dokumente in sodanige verrigtinge aanvaar sal word: Met dien verstande dat waar die aansoeker deur 'n prokureur verteenwoordig word die aanwysing van 'n elektroniese posadres verplig is, bykomend tot die aanwysing van 'n fisiese adres;".

(b) deur subparagraaf (i) van subreël (1)(*g*) met die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) binne die tydperk wat in die kennisgewing aangedui is, die aansoeker skriftelik kennis gee, dat hy of sy voorneem om die aansoek teen te staan, en in sodanige kennisgewing **['n]** 'n fisiese adres aanwys binne die area binne die hof se regsgebied of binne 25 kilometer van die hofgebou en waar beskikbaar, 'n elektroniese posadres, **[in die geval waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas onafhanklik van mekaar praktiseer, moet die adres binne 15 kilometer van die kantoor van die griffier of klerk van die hof wees,]** waar hy of sy kennisgewings en betekeninge van alle dokumente sal ontvang, so ook sodanige party se **[pos, faksimilee of elektroniese pos]** pos of faksimilee adresse, waar beskikbaar, met dien verstande waar die respondent deur 'n prokureur verteenwoordig word, die aanwys van 'n elektroniese posadres verplig is met inbegrip van 'n fisiese adres;";

(c) deur subreël (3) paragraaf (*b*) met die volgende paragraaf te vervang:

"(b) **[Die kennisgewing van mosie in elke aansoek *ex parte* ingedien word moet korrespondensie wesenlik met Vorm 1 van Aanhangsel 1 ooreenstem.]** Elke aansoek wat *ex parte* ingedien word moet—

(i) met die ontvangs van die kennisgewing van mosie, wesenlik met Vorm 1 van Aanhangsel 1 ooreenstem en ondersteun word deur 'n beëdigde verklaring, en aan die griffier of klerk van die hof gerig word

(ii) by die griffier of klerk van die hof geliasseer word en neergelê word voor middag op die dag vóór die dag voor die hofdag van die verhoor; en

(iii) die vorm van die bevel wat verlang word uiteensit en in die beëdigde verklaring wat in ondersteuning daarvan geliasseer is, vermeld en ook die griffier of klerk van die hof versoek om dit ter rolle te plaas vir verhoor;";

(d) met die invoeging van die volgende paragraaf na paragraaf (*b*) in subreël (3):

"(bA) (i) Enige persoon wat 'n belang het wat deur 'n besluit geraak kan word met 'n aansoek wat *ex parte* gebring word, moet 'n kennisgewing van 'n aansoek tot verlof om teen te staan, ondersteun deur 'n beëdigde verklaring wat die aard van sodanige belang en op watter gronde sodanige persoon verlang om gehoor te word, lewer, waarop die griffier of klerk van die hof sodanige aansoek gelyktydig met die oorspronklike aansoek moet neerlê vir verhoor.

(ii) Die hof wat die saak verhoor mag óf enige óf beide sodanige aansoeke toestaan of afwys na gelang van die geval, of die verrigtinge verdaag na gevolg van die liassering van verdere beëdigde verklaring deur óf die aansoeker óf soos dit gepas gevind word.";

(e) deur paragraaf (*e*) van subreël (3) met die volgende paragraaf te vervang:

"(e) 'n Eksemplaar van enige bevel wat *ex parte* gemaak is en van die kennisgewing van mosie en beëdigde verklaring **[,indien enige,]** waarop dit gemaak is moet aan die respondent daarvan beteken word.";

Wysiging van reël 63 van die Reëls

15. Reël 63 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (1) deur die volgende subreël te vervang:

"(1) **[(a)]** Alle dokumente wat **[met]** by die hof geliasseer word, deur middel van die konvensionele metode of die 'e-justice' stelsel, anders as bewysstukke of faksimilees daarvan, moet **[duidelik en leesbaar in swart of blou-swart ink gedruk of getik word]** duidelik en leesbaar en, indien dit gedruk word, moet dit in swart ink slegs op een kant van hoë kwaliteit papier van standaard A4 grootte gedruk word.

[(*b*) 'n Dokument moet as getik geag word as dit duidelik en leesbaar op gepaste papier nagemaak word deur duplikaat, litografie, fotografie, of enige ander wyse van namaking.]";

(b) deur subreëls (3) tot (6) met die volgende subreëls onderskeidelik te vervang:

"(3) In verdedigde aksies, of bestrede aansoeke moet die eiser of aansoeker, na gelang van die geval, nie later as 10 dae voor die verhoor van die saak—

(a) alle bladsye van die dokument wat gelewer word, stewig bind en opeenvolgend nommer; en **[moet]**

(b) 'n volledige indeks daarvan voorberei en lewer.

(4) Elke beëdigde verklaring wat by die griffier of klerk van die hof geliasseer is deur of namens 'n respondent moet, indien **[hy of sy]** sodanige respondent verteenwoordig word, op die eerste bladsy daarvan die naam en die elektroniese posadres van die **[prokureur]** regsverteenwoordiger wat dit liasseer bevat.

